

23 Januarie 2014

Jaargang 6 – Uitgawe 42

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Truspieëltjies

**Op 'n huweliksonthaal nou Desember, vertel die seremoniemeester dat hy vir die orrelis in die kerk waar die seremonie plaasgevind het, gevra het hoekom daar 'n truspieëltjie aan haar orrel is, soos hy ook op baie ander al gesien het. Sy antwoord toe dat sy 'n spieëltjie op haar orrel het want sy wil kan sien of daar 'n ander orrel van agter af aan die kom is...**

Hierdie stukkie binnepret van 'n orrelis het vir my 'n stukkie waarheid bevat wat baie wyer sny. Baiekeer het ons ook mos maar die manier om oor ons skouer te bly loer, om in die denkbeeldige truspieëltjies van die lewe te kyk om te sien of daar nie dalk ook iets van agter af aan die kom is nie. Dit waarvoor ons op die uitkyk is, is egter nie 'n ander orrel nie, maar iets wat 'n mens sou kon noem *die goeie ou dae*.

Miskien, net miskien, kom die goeie ou dae in die ekonomie weer, die dae toe 'n mens 'n motor se tenk kon vol maak met R10 se brandstof, toe 'n boksie vuurhoutjies net een sent gekos het en jy twee trollies vol kruideniersware vir R80 kon gekoop het.

Miskien kom die goeie ou dae in die land weer, die dae toe ons mense aan bewind was en ons die besluite geneem het; toe ons die name van plekke kon verander, soos om Roberts' Heights te herdoop na Voortrekkerhoogte.

Miskien, net miskien, kom die goeie ou dae vir die Kerk weer, die dae toe ons so te sê 'n vol dosyn professore aan ons eie Teologiese Fakulteit kon hê en daar 'n span knap dominees en doktore was wat voltyds by Kital kategesehandleidings en toerustingmateriaal ontwikkel het. Miskien kom die tye weer toe afstigting van nuwe gemeentes aan die orde van die dag was en daar nie 'n Algemene Kerkvergadering verbygegaan het waar die stigting van 'n nuwe ring omdat daar soveel nuwe gemeentes bygekom het, nie goedgekeur is nie.

Miskien kom die goeie ou dae weer toe die groot twispunte in die Kerk die dra al dan nie van hoedens of wit strikdassies was en nie 'n staat van belydenis en kerkskeuring nie.

Dis 'n baie verleidelike oefening om te doen, om te sit en hunker na die goeie tye wat verby is, en dit kan nog meer verleidelik wees om die realiteite van die situasie op hande te ignoreer in die hoop dat dinge vanself gaan regkom en dat alles weer gaan wees soos dit eens op 'n tyd was.

Ongelukkig is die kans dat dít gaan gebeur omtrent net so goed as die kans dat een orrel 'n ander in 'n kerkgebou gaan probeer verbysteek!

Die grootste deel van 'n nuwe jaar lê nog voor ons. In hierdie nuwe jaar staan die Nederduitsch Hervormde Kerk, soos elke jaar, voor nuwe uitdagings. Nuwe geleenthede bied hulself aan, ou probleme vra nadenke oor nuwe oplossings. In ons strewe om waarlik en voluit kerk in diens van Christus te wees, kan dit nie kwaad doen om Jesus se woorde volgens Lukas 9: 62 te onthou nie: *Iemand wat begin ploeg en aanhou om agtertoe te kyk, is nie gereed om vir God te werk nie, God wat Koning is* (Afrikaanse Bybel vir almal).

Kom ons fokus op die taak voor hande en kyk en werk vorentoe. Die krom en skewe vore wat geploeg word as jy heelyd agtertoe kyk, beteken g'n niks vir g'n niemand nie.

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

**Ds Etienne Fourie**  
Subredakteur

# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Prop Aniena Prinsloo

## Beroep ontvang

- **Prop A (Aniena) Prinsloo** (beroepafwagting) na Klerksdorp-Doringkruin (deeltyds)

## Vakante standplase

- **Gemeente Strand in die Wes-Kaap** beplan om hul **vakante standplaas** te vul. Hierdie is 'n gevestigde gemeente met preekpunte in die Strand sowel as op Hermanus. Dit bestaan uit ongeveer 278 lidmate waarvan 244 belydend is. 'n Groot persentasie van die lidmate is afgetredenes.

Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig en al die gewone pastorale werk te verrig, met besondere klem op die bearbeiding van die jeug, bearbeiding van bejaardes en gemeentelike ontwikkeling. Saam met die projektekomitee moet bestaande projekte uitgebou word en nuwe projekte geïnisieer en geïmplementeer word waar nodig.

Die gemeente bied 'n pakket volgens die aanbevole skaal tot op vier diensjare, met reistoelae. Belangstellende predikante/proponente kan **voor 31 Januarie 2014** 'n volledige CV stuur aan [jhdvb@vodamail.co.za](mailto:jhdvb@vodamail.co.za). Vir navrae, kontak die skriba, oudl Japie Botha, by 021 851 6351 / 083 231 6321, of ds Chris le Roux, by 021 889 9603 / 079 495 3239.

- **Gemeente Wonderboompoort** in die ring van Noordelike Pretoria beplan om hul vakante standplaas te vul met 'n **deeltydse benoeming**. Hierdie is 'n gevestigde gemeente met ongeveer 345 lidmate, waarvan 313 belydend is. 'n Groot persentasie van die lidmate is afgetredenes.

Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig en al die gewone pastorale werk te verrig, met besondere klem op die bearbeiding van bejaardes en gemeentelike ontwikkeling, en om saam met die betrokke projekkomitees te werk om bestaande projekte uit te bou en nuwe projekte te inisieer en te implementeer waar nodig.

Die gemeente bied 'n onderhandelbare pakket met 'n duur van ten minste een jaar. Belangstellende predikante of proponente kan **voor 2 Februarie 2014** 'n volledige CV stuur na [siegfrieds@telkomsa.net](mailto:siegfrieds@telkomsa.net). Vir navrae, kontak die skriba, oudl Sieg Schwarzer, by 012 335 4181 of 083 288 2779. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

- **Gemeente Witbank-Suid** se gemeentebediening is vakant en die gemeente het opdrag gegee om die vakature te vul. Hierdie is 'n gevestigde plattelandse gemeente in Mpumalanga, deel van die ring van Bronkhorstspuit en met die potensiaal om te groei. Die gemeente bestaan tans uit sowat 190 belydende lidmate met ongeveer 96 besoekpunte wat in wyke ingedeel en in die dorp geleë is.

Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die gemeente met die Woord te bedien en, soos ooreengekom sal word, deel te wees van die bediening en dit verder te ontwikkel.

Die gemeente bied 'n onderhandelbare pakket. Stuur **voor of op 16 Februarie 2014** 'n volledige CV na [nhkaws@gmail.com](mailto:nhkaws@gmail.com). Navrae kan gerig word aan: ds Naas Lombard (eerste Konsulent van die gemeente) by 082 261 3010, of Willie van Dyk (skriba/ouderling) by 082 887 5403. Slegs gekeurde kandidate sal vir onderhoude genooi word. Die gemeente behou die reg om kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, ook te oorweeg.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Verskeie van die Kerk se predikante vier vanjaar **spesiale ampsjubileums**. Die volgende predikante wat in 1989 georden is, **vier vanjaar 25 jaar diens in die Kerk**:

- Ds NM (Nick) Alberts (Wonderfontein)
- Ds D (David) Barnard (Magaliesmoot)
- Ds JJ (Johannes) Barnard (beroepafwagting)
- Ds JP (Johan) Bester (Meyerton/Meyerton-Suid)
- Ds CB (Nardus) Enslin (Rustenburg-Kloof)
- Dr EB (Ernest) Marran (Losberg)
- Dr WJ (Willem) Smith (Parys)
- Dr JHL (Jan) Truter (Letsitele)
- Ds M (Milankie) van der Walt (Namib-Suid)
- Dr WAJ (Wimpie) van Schoor (Primrose-Oos)
- Ds JAP (Johans) van Tonder (Balfour)

Die volgende emerituspredikante wat in 1964 georden is, **vier vanjaar 50 jaar diens**:

- Ds NCJ (Nico) Brayshaw (tans lidmaat van Heilbron)
- Ds DGS (Douw) Steyn (tans van Randfontein Midpark)
- Ds AM (Anton) Swanepoel (tans van Oos-Moot)
- Dr DJC (Daan) van Wyk (sr) (tans van Waterberg)

Die volgende predikant wat in 1954 georden is, **vier vanjaar 60 jaar diens**:

- Ds F du C (Francois) Labuschagne (tans van Pierneef)

- Die **Ondersteuningsraad** voorsien tans 'n gedeeltelike studiebeurs aan 'n behoeftige Hervormde lidmaat wat **maatskaplike werk** studeer. Die omstandighede is sodanig dat die ouers geen finansiële bydrae tot haar studies, losies, etes, boekegeld of sakgeld kan maak nie. Die Ondersteuningsraad verneem graag of daar nie lidmate is wat bereid is om **die student se losiesgeld van R1 800 per maand te borg** nie. Enigeen wat bereid is om by hierdie aangeleentheid betrokke te raak, kan mev Mariaan Steenkamp kontak by 012 322 8885 x290.

- **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)**  
**Amptelike opening**

Datum: Dinsdag 4 Februarie om 09:00

Plek: Sinodale Kerkkantoor

Spreker: Dr Frikkie Labuschagne

Tema: *Sustainable youth ministry in the 21st century*

Almal welkom!

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** 'n *Beter lewe vir die bejaardes in ons gemeenskappe gebou op die fondament van Christus se liefde* is waarvoor die AGB hom beywer. Alle diakonieë, NHSV's, diensgroepe vir bejaardes of enigiemand anders wat dieselfde doel het, word uitgenooi om die AGB (die ADV se Werkgroep vir Bejaardes) by 082 786 8448 of [htvd@worldonline.co.za](mailto:htvd@worldonline.co.za) te kontak indien hulp of inligting verlang word.



- Die **Bybelse Dagboek van 2014** nou ook op CD beskikbaar. Gemeente Outeniqua in George het 'n projek van stapel gestuur om lidmate wat sukkel om te lees, te help. Die gemeente het die hele *Dagboek* op CD opgeneem sodat blinde lidmate, bejaardes en ander na die boodskappe kan luister. Blinde lidmate kan die CD van Gemeente Outeniqua bestel (by [nedhervouteniqua@gmail.com](mailto:nedhervouteniqua@gmail.com)) en hoef slegs die posgeld te betaal, terwyl ander lidmate die CD kan bekom teen slegs R30 (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl. Kontak haar by 012 322 8885 x291 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za).
- **Gemeente Jeffreysbaai** benodig 'n **elektroniese orrel en 'n kerkklok**. Enige gemeente wat kan help, kan Marietjie skakel by 042 296 2448.
- **Preekbeurt in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of [nhkdullstroom@yahoo.com](mailto:nhkdullstroom@yahoo.com).

## Algemene Diakensvergadering

- **RDV-inligtingsdag 8 Februarie Gemeente Wonderboom**  
Die Kommissie van die ADV hou 'n inligtingsdag vir RDV-kommissies. (Sommige RDV's sal op 15 Februarie besoek word.) Die doel is om saam te besin oor die agendas van die vergaderings, en om kommissies van RDV's te help om die tema van armoede sinvol aan te bied en te bespreek. Ander sake sal ook hanteer word. Belangstellendes wat nie aan RDV's verbind is nie, is ook welkom – skakel net met Sonet by 012 322 8885 x221 of [diens@diakens.co.za](mailto:diens@diakens.co.za) om reëlings te tref. Die program is soos volg: *Vrydagaand 7 Februarie om 18:00*: Almal wat wil, kom bymekaar om armoede in Pretoria se strate te gaan ondersoek. *Saterdag 8 Februarie van 08:00 tot 14:00*: Inligtingsdag by Gemeente Wonderboom.
- **Jaartema Armoede – hoekom?**  
Volgens Statistiek Suid-Afrika is daar 4,6 miljoen werklose mense in Suid-Afrika (uit 'n totale bevolking van 51,7 miljoen en 'n werksmag van 18,6 miljoen mense), terwyl 21,4 miljoen mense onder die internasionale broodlyn lewe (ongeveer R10 per persoon per dag). Onder blankes in Suid-Afrika lyk dit effens beter, maar steeds benard: 166 000 blankes is werkloos (uit 'n bevolking van 4,6 miljoen en 'n werksmag van 2 miljoen). Dit het tot gevolg dat meer as 450 000 blankes onder die broodlyn lewe. Word die boonste broodlyn geneem van ongeveer R20 per persoon per dag (*upper-bound poverty line*), blyk dit dat daar ongeveer 'n miljoen blankes in Suid-Afrika is wat in armoede leef. Pas ons hierdie syfers toe op ons kerkvolk, kan ons aflei dat een uit elke vyf van ons lidmate met armoede moet saamleef. Gaan ons nog 'n tree verder en kyk na mense wat bo die boonste broodlyn lewe maar steeds finansiële erg sukkel (byvoorbeeld bejaardes wie se pensioen jaarliks minder werd word), besef ons dat armoede rampafmetings aanneem. Om hierdie rede het die Kommissie van die ADV besluit dat ons **fokus vir 2014** op die verligting en bekamping van armoede gaan val.
- **Fokus op armoede: Afskopsondag 26 Januarie**  
Gemeentes van ons Kerk word aangemoedig om op Sondag 26 Januarie deel te neem aan die afskop van die jaar waarin ons fokus op armoede. As 26 Januarie nie vir jul gemeente werk nie, gebruik gerus enige ander datum wat julle pas. 'n Aantal hulpmiddels hiervoor is aan gemeentes gestuur om met die afskop te help. Een daarvan is 'n DVD met 'n erediens wat per slakkepos gestuur is. Om die elektroniese weergawe af te laai, kan die volgende skakel gebruik word:  
<https://www.dropbox.com/1/EDZowVLTdAHKoiRmrcY6m9> (279 megagrepe)





- **Waarskuwing: E-posse oor beskikbare werk**

Dit gebeur van tyd tot tyd dat e-posse die rondte doen wat verskillende werkgeleenthede adverteer. Baie van hierdie e-posse lyk of dit betroubaar is, maar in by verre die meeste gevalle is dit slenters (*scams*) wat mense wil indoen deur hulle geld te vra vir 'n CV, om 'n pos te reserveer, vir opleiding te betaal of iets soortgelyk. Dit het al gebeur dat mense opdaag vir 'n onderhoud of 'n eerste dag by die werk en dan is daar geen sprake van werk nie terwyl die "kontakpersoon" skoonveld is. Maak dus baie seker dat die oorsprong van só 'n advertensie outentiek is, en wees baie versigtig voordat jy enige gelde oorbetaal.

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Ds AM (Anton) Swanepoel** vier op **26 Januarie** sy **50ste ampsjubileum** in **Gemeente Oos-Moot**. Die diens begin om 09:00. Ds Swanepoel is op 18 Januarie 1963 in Oos-Londen georden deur wyle ds AJ van Staden, destyds predikant van Gemeente Silverton. Dr Frikkie Labuschagne sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.
- **Gemeente Westonaria** vier hul 60ste bestaansjaar met 'n buitengewone erediens op **Sondag 2 Februarie** om 11:00. Oudpredikante en oudlidmate word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon. Kontak Eugienne Muller by die gemeentelike kerkkantoor by 011 753 1464 op Dinsdae, Woensdae en Donderdae van 09:00 tot 12:00, of ds Yolande Benadé by 073 654 3144, of die skriba, Ben Greyling, by 011 753 1443 of 071 872 9517.
- **Ds F du C (Francois/Lappies) Labuschagne** vier sy **60ste ampsjubileum** op **2 Februarie** in **Gemeente Pierneef**. Ds Dries Beukes sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.
- **Ds D (David) Barnard** vier sy **25ste ampsjubileum** op **9 Februarie** in **Gemeente Magaliesmoot**. Ds Dries Beukes sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 31 Januarie 2014, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 23 Januarie: Dr WC (Wouter) van Wyk (Sinodaal) en ds GJ (Jan) Wallis (emeritus)
  - Vrydag 24 Januarie: Ds HMJ (Marius) Kramer (Kampersrus)
  - Saterdag 25 Januarie: Di R (Riaan) Botha (Standerton) en PJJ (Pierre) Kotzé (siekte-emeritaat)
  - Sondag 26 Januarie: Prof MW (Marthinus) Pretorius (emeritus), di BM (Marita) Engelbrecht (Komatipoort) en RL (Richard) van der Westhuizen (Tzaneen)
  - Maandag 27 Januarie: Ds WE (Elmien) Snyman (Sundra)
  - Dinsdag 28 Januarie: Prop S (Sanet) van der Walt (beroepafwagting)
  - Woensdag 29 Januarie: Dr J (Jaco) Beyers (UP) en ds H (Heloïse) Herbst (Rietvallei)
  - Donderdag 30 Januarie: Di JA (Adriaan) Benadie (Ottosdal) en MCE (Eksteen) Botes (Nelspruit)

## Beplande vergaderings

- Donderdag 23 Januarie: OSR Bestuursvergadering  
ADV Dagbestuur
- Vrydag 24 Januarie: OSR Finkom



- o Maandag 27 Januarie: Tugkomitee (*let op veranderde datum!*)
- o Donderdag 30 Januarie: Kernkomitee: Finansies en Administrasie
- o Vrydag 31 Januarie: SP Engelbrecht-museum

Die Kommissie van die AKV en die Moderamen beoog om vanjaar op die volgende datums te vergader:

#### **Kommissie van die AKV**

(Donderdae en Vrydae): 6 en 7 Maart; 5 en 6 Junie; 4 en 5 September; 6 en 7 November

#### **Moderamen**

(Vrydae): 17 Januarie; 14 Februarie; 11 April; 16 Mei; 25 Julie; 15 Augustus; 17 Oktober

Indien nodig, vind die **gesamentlike vergadering** tussen die Kommissie van die AKV, die Kuratorium, die Dosentevergadering en die Proponentseksamenkommissie plaas op 6 Maart om 14:00. Die **ledevergadering van die Kinderhuise** vind plaas op 6 Junie om 12:00. Dié aangeleentheid verskuif na die ADV in 2015. Die **gesprek** met die Dagbestuur van die ADV, die Dagbestuur van die NHSV Hoofbestuur en die Moderamen van die MRCC vind plaas op 4 September 2014 om 11:00. Die **begroting** word goedgekeur op 5 September. 'n **Buitengewone Kommissievergadering** vind plaas op 4 Desember om 17:00 by Gemeente Pretoria met die oog op die legitimasie van die finalejaars.

### **Kursusse en toerusting**

- **BYBELSKOOL: Gemeente Montana**  
**4 Februarie tot 11 Maart, elke Dinsdagaand 19:00-20:30**  
Proff Theuns Dreyer en Ernest van Eck  
Tema: *Hoe om die Bybel beter te verstaan*  
Sluit in: Inleiding tot die verstaan van die Bybel; sosio-kulturele, politieke en ekonomiese omstandighede waarin die Bybel ontstaan het; godsdienstige agtergrond van die Bybel  
R50 per persoon  
Kontak gemeentelike kerkkantoor vir inligting en bespreking  
012 567 1753 / [nhkmontana@gmail.com](mailto:nhkmontana@gmail.com)

### **Beskikbare behuising**

- **Ons Tuis (Riviera, Pretoria)**, tehuis vir versorging van verswakte bejaardes, het tans plek beskikbaar. Ons bied u 'n volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - o 24-uur mediese versorging,
  - o 3 maaltye per dag,
  - o sekuriteit, en
  - o gereelde sosiale aktiwiteite.Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623. Aansoekvorms kan afgetrek word op [www.otmt.org](http://www.otmt.org), of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms aan u te stuur.
- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamerinwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.
- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys**  
Tans beskikbaar:  
**Versorging**  
1 dubbelkamer @ R5 800 per persoon  
1 bed in 4-bed-kamer @ R5 800 per persoon

## Selfversorging

1 enkelkamer @ R4 100

Bogenoemde sluit 3 etes per dag in

Een maal per week kamer skoongemaak en wasgoed gewas

Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede



**Tuki e'State**  
*Studente-akkommodasie*  
*Universiteit Pretoria*

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente  
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums  
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

**Vanaf R2 600**

012 362 1192 / [admin@tukiestate.co.za](mailto:admin@tukiestate.co.za)

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**  
Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:  
4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit  
Gesik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen  
Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede  
Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

## Konserte en feeste

- **Vrydag 9 Mei om 19:00: Gemeente Verwoerdburg: Jukebox Roadshow**  
Met Pieter Koen, Adam, Mwah en Ricus Nel  
In die Aula (UP), kaartjies by iTicket (086 1000 291 of Pick n Pay)  
Pryse tussen R150 en R200  
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor 012 664 2044 (08:30-13:00)

## Kampe en toere



**Tarentaalpan**  
JEUGKAMPTERREIN THABAZIMBI

**Bepplan jy 'n jeug - of gemeentekamp?**  
23 km buite Thabazimbi

**MAAK DIT 'N BOSVELDERVARING!**

NET BUIE THABAZIMBI – ONGEVEER 2-3 URE VAN PTA EN JOHANNESBURG  
Loer by [www.tarentaalpankamp.co.za](http://www.tarentaalpankamp.co.za) | Besprekings: Rika 0832557963

- **Leef jou droom en besoek Israel saam met my**  
**26 Maart tot 5 April 2014**  
Toerleier: Dr André Ungerer  
Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië  
Geniet die piramides en sfinks as bonus op pad huis toe



Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201  
E-pos: [andreung@telkomsa.net](mailto:andreung@telkomsa.net)

- **Konteks-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**  
15 lewensveranderende dae op die voetspore van die eerste Christene Toerleier: Ds Dries Beukes  
083 447 7943 / [d.beukes@mweb.co.za](mailto:d.beukes@mweb.co.za)  
**Allesinsluitende aangepaste toerprys: ±R28 395**  
Vir meer inligting, kontak formele reisagent Louise Geysers  
012 361 0579 / 082 560 4279 / [louise.geysers@absamail.co.za](mailto:louise.geysers@absamail.co.za)
- **Vrouekamp 2014: Vrydag 16 tot Sondag 18 Mei 2014**  
Tema: *Wat is nuus?*  
Sprekers: Di Janine Bevol-Manders en Antionette Janse van Rensburg  
Koste: R550 per persoon  
Kampgronde ongeveer 40 km buite Pretoria  
Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 / [janapeenze@vodamail.co.za](mailto:janapeenze@vodamail.co.za)  
of Stefanie Theron by 082 825 7944 / [stef1@absamail.co.za](mailto:stef1@absamail.co.za)

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Pretoria-Noord: Valentynsdans**  
**Vrydag 14 Februarie 2014** vanaf 19:00  
Skakel Eurita by 082 828 0811 vir meer inligting
- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**  
**Sluitingsdatum 31 Mei 2014, trekking 1 Junie 2014**  
Kaartjies: R100 donasie, wen wild en verblyf  
Kontak Alida Reed 082 228 3552 / Chaan Bezuidenhout 082 853 5895

## Basaars en markte

- **Saterdag 8 Maart: Gemeente Ebenhaézer (Ellisras): BoereRumoer**  
Met Tjiff en Tjaff, Dewald Wasserfall, Jakkie Louw en Ricus Nel  
R20 per volwassene en R10 per kind  
Wen vee, jagpakket, vakansieverblyf en vleis  
Kontak Rita Kern 083 328 4465 / Marian 084 745 1054 / [ritakern1@yahoo.com](mailto:ritakern1@yahoo.com)

## ANDER NUUS

- Die **Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes in Bloemfontein** benodig dringend 'n **opvoedkundige of voorligtingsielkundige**. Dit is 'n Beheerliggaam-aanstelling. Kontak die hoof, Francois van Heerden, by 084 962 3250, 051 522 6801/2 of [hoof@mdup.co.za](mailto:hoof@mdup.co.za) vir meer inligting.
- Die **Marthie de Bruin-sentrum** 'n klein skool in die ooste van Pretoria vir kinders met spesiale onderwysbehoefte. Hulle maak baie staat op fondsinsamelings. Nicholis Louw het ingestem om gratis vir hulle 'n konsert te hou op **Vrydag 28 Februarie by die Choose Life Centre in Moreleta Park**. Daar is 'n paar BBP-kaartjies beskikbaar teen R100 per persoon, en die res van die kaartjies is gratis! Al wat hulle dan vra, is 'n donasie vir die skool. Koop kaartjies by [www.itickets.co.za](http://www.itickets.co.za). Donasies kan deur iTicket gekanaliseer word, of tydens die konsert gemaak word. Kontak Marieta Vorster by 082 876 0432 of [marieta.vorster@vodamail.co.za](mailto:marieta.vorster@vodamail.co.za).
- **9-11 Maart: 3-dag-konferensie oor kerkstigting**  
NG Kerk Moreleta, R300 per persoon  
Vir meer inligting en registrasie, gaan na [www.ekerk.org](http://www.ekerk.org)  
of kontak [natasha.felix@up.ac.za](mailto:natasha.felix@up.ac.za)



## Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie wees nie. Stuur die voorgestelde teks van nie meer as 110 woorde met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).**

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + e-Hervormer Ads.

Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

## KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na [www.nhka.org](http://www.nhka.org) → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die e-Hervormer berus by die redakteur.

“Baie dankie dat ek so gereeld die e-Hervormer kan ontvang. Dit gee waardevolle en leersame inligting wat my geestelik verryk.”

Elmarie Horn, Gemeente Pierneef

## AGTERBLAD

### Die Hervormer Januarie/Februarie 2014

Die Januarie/Februarie 2014-uitgawe van *Die Hervormer* sal volgende week beskikbaar wees. Dit is die eerste uitgawe waarvoor die nuwe redakteur, ds David Barnard, en subredakteur dr Piet van Staden verantwoordelik was.

In hierdie uitgawe van *Die Hervormer* besin ds Leon Geel oor die saak van voornemens wat veral aan die begin van 'n nuwe jaar gemaak word. Voornemens het inderdaad met God se wil eerder as enigiets anders te make.

Lees ook dr Gafie van Wyk se artikel oor ons landsburgers wat al hoe meer in opstand kom, en dr Christo Pretorius se nadenke oor materialisme. Hoe voel lidmate wat weens die onmin in die Kerk hul gemeentes verloor het? En wat beplan die ADV alles vir 2014 se fokus op armoede?

Teken in op *Die Hervormer* vir 2014 teen R120 vir 11 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za).

